Psalm 11 : Ek skuil by die Here

Vir die koorleier. Van Dawid.
Refrein = Teks TT Cloete, 2001. Melodie: O JESU – *Sammlung alter und neuer Melodien evangelisher Lieder* 1747

Refrein



Voorg: Ek skuil by die Here. Hoe durf julle vir my sê: "Vlug na die berge toe soos 'n voël!
Kyk, die goddeloses span hulle boë, en hulle lê aan met die pyl op die snaar;
hulle staan reg om uit die donker die opregtes van hart te tref.
As die fondamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen?"

Refrein: By God sal ek beveilig wees; my skuiling is die Heer.

Almal: Die Here is in sy heilige tempel! Die Here is op sy troon in die hemel!
Mans: Sy oë is oop, sy oë keur die mensekinders.
Vroue: Die Here onderskei tussen regverdige en goddelose.
Mans: Wie geweld liefhet, haat Hy.
Vroue: Hy laat vuur en swael reën op die goddeloses, 'n skroeiende wind:
Mans: dit is die beker wat hulle sal drink.
Voorg: Die Here is regverdig. Hy het mense lief wat regverdig en opreg handel,
en Hy sal by hulle wees.

Refrein: By God sal ek beveilig wees; my skuiling is die Heer.